

Hoofstuk 1

Menslike vestiging langs die Vaalrivier in die Vredefortkoepel

Hierdie studie handel oor menslike vestiging vanaf 1840 tot 2012 teenaan die Vaalrivier in die omgewing van die Vredefortkoepel-wêrelderfenisterrein. 'n Geskiedenis van die wyse waarop die mens die omgewing langs die Vaalrivier tot op die hede gebruik het, is die fokus van die studie. Migrasie-tendense van mens en dier is ook ter sprake. Die opvallende menslike voetspoor is veral sigbaar in die vestigingsproses in en interaksie met die rivieromgewing sedert die 1840's. Van besondere belang is die dinamiese uitwerking wat water, en ook die Vaalrivier, op sosio-ekonomiese en politieke gebied tot vandag toe in die omgewing van die Vredefortkoepel uitgeoefen het.

Probleemstelling en motivering

Die Vredefortkoepel as omgewing waarbinne hierdie studie gedoen is, het 'n besondere historiese verlede. 'n Meteoriet met 'n deursnee van 10 kilometer het ongeveer 2 miljard¹ jaar gelede die aarde 100 kilometer suidwes van die teenswoordige Johannesburg getref. Hierdie gebeurtenis het 'n buitengewoon groot inpakkrater veroorsaak.² Die kern van die krater, ongeveer 180 km in deursnee, is sigbaar in die bergagtige gebied naby die Vrystaatse dorpie Parys en Vredefort.³ 'n Deel van hierdie Vredefort-meteorietkrater is een van Suid-Afrika se agt verklaarde wêrelderfenisgebiede. Die terrein is gedeeltelik geleë in die provinsies van die Vrystaat, Gauteng en Noordwes. Hierdie gebied is in 2005 deur die *United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization* (UNESCO) se wêrelderfenisbewaringsprogram op die lys van wêrelderfenisgebiede geplaas, wat

¹ Die Europese en Amerikaanse term "biljoen" verskil van mekaar en sal, om verwarring uit te skakel, nie hier gebruik word nie. Daar moet onderskei word tussen die Europese langskaal 1,000,000,000,000, een miljoen-miljoen (10^{12}) en die Amerikaanse kortskaal 1,000,000,000, een duisend miljoen (10^9) of een miljard, wat hier gebruik is.

² W.U. Reimold & R.L. Gibson (eds.) with a chapter by A. Pelsner, M. Naudé, & K. Balkwill, *Meteorite impact! The danger from space and South Africa's mega-impact, the Vredefort structure* {3rd ed.}, p. 16; daar is meer as een uitgawe gebruik.

³ Anon., *World heritage in South Africa* [Website: <http://www.southafrica.info/about/history/worldheritagesites.htm>] [Accessed: 2009.04.13].

die erfenisstatus van die omgewing verhoog het.⁴ Hierdie status gee opnuut betekenis aan die waarde van die Vaalrivier in die Koepel-omgewing, en die rivieromgewing word gevolglik in historiese konteks beter verstaan. Op 26 Mei 2012 is, ná 'n omvangryke mediasieproses, 'n memorandum van ooreenkoms tussen die regering (die minister van waterwese en omgewingsake) en die Koepelgrondeienaarsverenigings onderteken om magtiging vir die proklamering en die daarstelling van 'n bestuursinstansie te verleen.⁵ Die strydpunte tussen die owerheid en die gemeenskap rakende die proklamering het die Koepelgrondeienaars se gees van verdeeldheid na 'n verhouding van saamstaan laat omswaai, ten spyte van hul uiteenlopende politieke en kulturele beskouings.

Daar bestaan tot op datum 962 UNESCO-wêrelderfenisgebiede in 141 lande.⁶ Verder bestaan daar wêreldwyd ongeveer 130 meteoriet-impakkraterstrukture, waarvan die Vredefortkoepel die oudste, diepste en grootste sigbare terrein is.⁷ Interessant is ook die feit dat hierdie meteorietkrater die enigste een is (onder dié wat reeds ontdek is) waar 'n rivier deur vloei.⁸ Die Vaalrivier, een van die hardwerkendste riviere in Suid-Afrika, vloei van noordoos na suidwes deur die Vredefortkoepel. Hierdie rivier, wat in die Mpumalangaprovinsie ontspring, loop oor 'n afstand van nagenoeg 1300 kilometer voordat dit deel word van die Oranjerivier.⁹ Die Vaalrivier vorm die grens tussen die Vrystaat en Gauteng, asook dié van die Noordwesprovinsie, en vloei in die Oranjerivier, die noordelike grens van die Noord-Kaapprovinsie. Die Vaalrivier vorm 'n waardevolle lewensaar vir gemeenskappe waar nywerheids- en boerderybedrywighede aan die orde van die dag is. Daar word in hierdie studie gelet op die verandering van die wateromgewing oor 'n tydperk van meer as 170 jaar, en die ontwikkelingsgang van menslike interaksie met die rivier.

⁴ Anon., *World heritage sites of South Africa* [Website: <http://www.safainow.com.cms/south-africa-world-heritage-sites/irie.aspx>] [Accessed: 2009.04.13].

⁵ J.M. van den Berg, vandenberge@absamail.co.za attachment "Koepel 'memorandum of agreement'" email 2012.07.19 to C. Gouws claudiagws@mweb.co.za.

⁶ UNESCO, *World heritage list* [Website: <http://whc.unesco.org/en/list/>] [Accessed: 2012.08.30, 2013.05.12].

⁷ Anon., *World heritage sites in South Africa* [Website: <http://www.southafrica.info/about/history/worldheritagesites.htm>] [Accessed: 2009.04.13].

⁸ G. Addison, *Vredefort Dome Controversies*, notes compiled 2010.07.26 [Website: <http://vdome.co.za>] [Accessed: 2010.10.10].

⁹ J.W.N. Tempelhoff, V. Munnik & M. Viljoen, "The Vaal River Barrage, South Africa's hardest working water way: an historical contemplation" in *The Journal for Transdisciplinary Research in South Africa*, 3(1), Jul. 2007, p. 105.

Histories kan plaaslike en streekskonflikte, sowel as die groei en kwyning van menslike nedersettings in die Vaalrivieromgewing, direk toegeskryf word aan die beskikbaarheid van water en die dienooreenkomstige handelinge van mense in die omgewing van die rivier.¹⁰ Die beskikbaarheid van water in Suid-Afrika het 'n buitengewoon belangrike invloed op sy menslike vestigings- en nedersettingspatrone. Die land is geleë in een van die droër landstreke van die wêreld. Sy gemiddelde reënval van 464 mm per jaar is naamlik ver onder die wêreldgemiddelde.¹¹ Dit spreek dus vanself dat 'n rivieromgewing besondere waarde vir menslike nedersetters het. Cachet het reeds in die 19^{de} eeu aangedui hoe nedersettings van mense van Europese herkoms in die destydse *Zuid-Afrikaansche Republiek* (Transvaal) naby water was.¹² Ook Pelzer het in 'n standaardwerk oor die pioniersgeskiedenis van die Transvaal beklemtoon dat water, tesame met hout, van die belangrikste natuurlike hulpbronne was wat pioniersgemeenskappe nodig gehad het om op hul grond te oorleef.¹³ Die interaksie tussen die mens, die omgewing en water is dus intrinsiek. In die Vredefortkoepelgebied is hierdie ineengevlegdheid deel van menswees. 'n Boorling van die Vredefortkoepel¹⁴ het tydens 'n onderhoud verduidelik dat die mens van meet af aan sy onmiddellike omgewing bewerk, die natuur aan hom onderwerp en daaroor heers in ooreenstemming met die spreekwoordelike Bybelse opdrag in Genesis 1:28:

*Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit
En heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel
En oor al die diere wat op die aarde kruip*¹⁵

¹⁰ J.W.N. Tempelhoff, "Water and the human culture of appropriation: the Vaal River up to 1956" in *The Journal for Transdisciplinary Research in South Africa*, 2(2), Dec. 2006, pp. 431-452; J.W.N. Tempelhoff, "Time and the river: observations on the Vaal River as source of water to the Witwatersrand 1903-24" in *Historia*, 46(1), May 2001, pp. 247-248.

¹¹ Anon., *2010-2011 World weather and climate information* [Website: <http://www.weather-and-climate.com/average-monthly-Rainfall-Temperature-Sunshine-in-South-Africa>] [Accessed: 2012.09.05].

¹² Vergelyk F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald*, p. 156.

¹³ A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 24.

¹⁴ Claudia Gouws persoonlike argief (hierna GPA), Mondelinge onderhoude lêer 2 (hierna MO2), P.A. Gericke (69), Eerste Geluk 2011.02.10.

¹⁵ Familie-studiebybel: drie vertalings, p. 2.

In baie opsigte, soos deur die geskiedenis bewys word, het die mens dikwels die Bybelse voorskrif van rentmeesterskap te letterlik opgeneem en gevolglike omgewingskade teweeg gebring.¹⁶ Die wyse waarop water byvoorbeeld, tot betreklik onlangs, sonder meer as 'n onbepaalde natuurlike hulpbron gebruik is, getuig hiervan. Suid-Afrika se waterbronne is tans onder druk. Weens besoedeling,¹⁷ klimaatsverandering¹⁸ en ekonomiese ontwikkeling¹⁹ kom volhoubaarheid in die gedrang. Allerweë word aanvaar dat toenemende waterskaarste in die toekoms 'n bepalende invloed op menslike nedersettings in alle dele van Suid-Afrika sal uitoefen.²⁰ Die Vaalrivier in die omgewing van die Vredefortkoepel is deel van hierdie werklikheid.

Die geskiedenis van besoedeling, wat 'n bepaalde kultuurverskynsel is, dateer uit wat wetenskaplikes beskryf as die antropogenetiese era.²¹ Besoedeling dui ook op die wesenlike invloed wat die mens veral sedert die 18^{de} eeu regstreeks op die omgewing uitgeoefen het. Die Britse nywerheidsomwenteling (die tydperk vanaf 1740 tot ±1945) het as 'n bloudruk vir ontwikkeling in baie wêrelddele gedien.²² Suid-Afrika het ook aan die proses deelgeneem. Tot op hede is nywerhede bo-stroom van die Koepelgebied verantwoordelik vir die teenswoordige toestand van die Vaalrivier.²³ Dorpstigting, nywerheidsontwikkeling, mynbou, rioolbesoedeling en die gepaardgaande kulturele veranderinge in die bowe-Vaal, het sedert die einde van die 19^{de} eeu voortdurend 'n impak op die menslike nedersettings

¹⁶ L. White, "The historical roots of our ecological crisis" in D. Spring & E. Spring (eds.), *Ecology and religion in history*, pp. 15-31.

¹⁷ E. Tempelhoff, "Mens kan op rioolafval in Barrage loop: Gryp nou in, eis kenner" in *Beeld*, 2008.11.29, p. 10.

¹⁸ G. du T. de Villiers, e.a. "Aardverwarming en klimaatsverandering met spesifieke verwysing na Suid-Afrika: enkele perspektiewe: navorsings- en oorsigartikel" in *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 27(4), Des. 2008, p. 294.

¹⁹ E. Tempelhoff, "Water meer werd as goud" in *Sakebeeld*, 2009.07.10, p. 8.

²⁰ R. Holden (Trans Caledon Tunnel Authorities), Acid mine drainage waste water into the Klip River, Rietspruit, Suikerbosrand- and Vaal Rivers (Briefing to Sedibeng United Business Forum, Stonehaven on Vaal, 2012.08.02).

²¹ D. Chakrabarty, "The climate of History: four theses" in *Critical Inquiry*, 35(2), Winter 2009, p. 209.

²² A.N. Penna, *The human footprint: a global environmental history*, pp. 174-175.

²³ D. Hallows & V. Munnik, *Poisoned spaces: manufacturing wealth, producing poverty*, pp. 101-102.

stroomaf gehad.²⁴ Ten einde 'n langtermynperspektief op dié proses van tegnologiese omskakeling te kry, is dit nodig om vanuit 'n historiese perspektief na die menslike interaksie met die omgewing te kyk. Die wyse waarop mense hulself in die Vredefortkoepelgebied gevestig het, het merendeels om die beskikbaarheid van water gewentel. Verder het die menslike voetspoor wat in die omgewing van die Vaalrivier gelaat is, nie bloot te make met die daaglikse waterbehoefte vir oorlewingsdoeleindes nie. Dit sluit ook in die bestuur van afvalwater, die bewaring van die onmiddellike omgewing, en die volhoubare gebruik van die waterbronne (die Vaalrivier en ook plaaslike grondwater).²⁵

Ofskoon historiese rekords daarop dui dat mense reeds in die Laat-Steentydperk in hierdie gebied gewoon het,²⁶ het vestiging in die tydperk vanaf omstreeks 1840 'n dramatiese impak op die wateromgewing gehad.²⁷ Die 1840's word oor die algemeen gereken as die era toe die eerste mense van Europese herkoms hulle in redelike groot getalle permanent in die binneland gevestig het.²⁸ Daarmee saam het die stelsel van moderne grondbesit op 'n geordende wyse onder die bewind van die pioniersrepublieke van die Vrystaat en Transvaal posgevat.²⁹

²⁴ J.W.N. Tempelhoff, V. Munnik & M. Viljoen, "The Vaal River Barrage, South Africa's hardest working water way: an historical contemplation" in *The Journal for Transdisciplinary Research in South Africa*, 3(1), Jul. 2007, pp. 105-131.

²⁵ I.J. van der Walt, S.J. Pretorius & C.B. Schoeman, "The role of geohydrology in the determination of a spatial development framework in the Vredefort Dome World Heritage Site" in *Water*, 2(4), 2010, pp. 742-771.

²⁶ R.R. Inskip, *The peopling of Southern Africa*, pp. 135-140; J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, p. 81; Die Laat-Steentydperk (ongeveer 25 000-2 000 jaar gelede) volgens A. Pelsler, "Travelling through Time: archeology and the Vredefort Dome" in W.U. Reimold & R.L. Gibson (eds.), *Meteorite impact! The danger from space and South Africa's mega-impact, the Vredefort structure*; Die Ystertydperk in suidelike Afrika is deur Huffman ingedeel in die Vroeë- (200-900 n.C.), Middel- (900-1300 n.C.) en Laat-Ystertydperk (1300-1840 n.C.) in T.N. Huffman, *Handbook to the Iron Age: the archeology of pre-colonial farming societies in South Africa*, pp. 331, 361, 393. Hierdie datums is slegs 'n riglyn, aangesien 'n oorgang tot 'n tydperk van streek tot streek verskil het.

²⁷ J.W.N. Tempelhoff, "Water and the human culture of appropriation: the Vaal River up to 1956" in *The Journal for Transdisciplinary Research in South Africa*, 2(2), Dec. 2006, pp. 431-452.

²⁸ G.M. Theal, *History of South Africa: from the foundation of the European settlement to our own times*, p. 415.

²⁹ J.H. Breytenbach (red.), Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1854-1858 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R. 3, p. 156; J.H. Breytenbach & W.B. van der Vyver (reds.), Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 1854-1855 in *Suid-*

Ontwikkelingspatrone van menslike interaksie met die wateromgewing langs die Vaalrivier het dienooreenkomstig sigbaar geword. Die mens het die hidrosfeer begin domineer ten einde nie net van reën afhanklik te wees nie, maar ook maksimum ekonomiese voordeel uit die rivier te probeer trek. Aan die begin van die 20^{ste} eeu is die Vaalrivier se driewe as kommunikasieskakels met brûe vervang.³⁰

Verder is landbouskemas langs die rivier met stoomploëe toegerus³¹ en is studamme, kanale, asook damme vir besproeiing en watervoorsiening gebou.³² Daar is byvoorbeeld 'n stoomaangedrewe kragstasie by Parys (1917) en by die Barrage 'n keerwal van Rand Water verder stroomop (1916-1923) opgerig.³³ Water is deur die mens gebruik nie net om die aarde te bewerk nie, maar in die besonder ook om tegnologie aan te dryf. Laat-Victoriaanse huishoudelike tegnologie rondom water (byvoorbeeld water-riolering in die kombuis en badkamer van 'n woonhuis) het vanaf die 1880's, veral ná die ontdekking van goud op die Witwatersrand, vanuit Brittanje saam met reisigers na die binneland van Suid-Afrika gekom. Dit het vanaf stedelike nedersettings na die platteland versprei.³⁴ Die Vaalrivier se water in die Koepelgebied was 'n intrinsieke deel van die die tegnologiese omskakeling wat in die huishouding plaasgevind het.

Te min water in die rivier was ook nadelig vir volhoubare menslike vestiging. Gedurende 1929-1933 het 'n langdurige droogte 'n merkbare invloed op die wateromgewing gehad. Die ekonomiese depressie wat daarmee gepaard gegaan het, het die inwoners van die Koepel-omgewing, soos elders in die landelike streke, genoodsaak om werk in die stede te gaan soek. Hierdie proses het verstedeliking en ontvolking van die plattelandse streke tot gevolg gehad.³⁵

Afrikaanse Argiefstukke, O.V.S., 1, p. 310; T.R.H. Davenport & K.S. Hunt (eds.), *The right to the land: documents on Southern African history*, p. 8.

³⁰ J.C. Moll, "Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973(1), p. 111.

³¹ R.L. Leigh, *Vereeniging, South Africa*, p. 58.

³² R.L. Leigh, *Vereeniging, South Africa*, p. 60; J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, pp. 52, 53.

³³ R.L. Leigh, *Vereeniging, South Africa*, p. 60.

³⁴ C. Gouws, *Water en sanitasie in die landelike Hoëveldse woning 1840-1910: 'n kultuurhistoriese studie* (M.A.), p. 111.

³⁵ J.F.W. Grosskopf, *Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika; verslag van die Carnegie-kommissie, ekonomiese verslag, plattelandsverarming en plaasverlating (1)*, p. vii.

Die interaksie tussen menslike nedersettings en die wateromgewing het binne die raamwerk van die omliggende streke se politieke ontwikkeling plaasgevind. Hierdie area was nog nooit 'n afgebakende juridiese of munisipale streek gewees nie. Die studiegebied het ook oor die afgelope 170 jaar in verskeie wyke, distrikte en latere munisipaliteite, geval. Tydens die Groot Trek (1834-1854),³⁶ en in die tydperk van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (1852-1902) en die Oranje-Vrystaatse republiek (1854-1902),³⁷ het die Vaalrivier 'n beduidende rol in die afbakening van grense gespeel.³⁸ Ná die ontdekking van diamante (in 1867) en van goud (in 1886), het dié rivier se driewe 'n belangrike rol ten opsigte van dorpsstigting gespeel.³⁹ Permanente menslike vestiging langs die rivier was 'n merkbare ontwikkelingstendens in die Koepel-omgewing.⁴⁰ Oewerplase langs die Vaalrivier was altyd gesog. Tot op hede word eiendomspryse grootliks bepaal deur die ligging van die grond, die beskikbaarheid van water vir besproeiingsdoeleindes en die voorraad bome.⁴¹

Venterskroon en Reitzburg, die enigste twee dorpie binne die Vredefortkoepelwêrelderfenisgebied, het albei in 1887 as gevolg van die gouddelwery in die omgewing ontstaan.⁴² Hierdie dorpie het egter nooit beduidend gegroei nie.

³⁶ Die anneksasie van die Oranjerivier-Soewereiniteit, 3 Feb. 1848, en Andries Pretorius roep die emigrante op tot oorlog, 8 Apr. 1848 in F.A. van Jaarsveld (red.), *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 86-90.

³⁷ Die konvensie van Sandrivier (17 Jan. 1852) en die Bloemfonteinse konvensie (23 Feb. 1854) in F.A. van Jaarsveld (red.), *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, pp. 91-97.

³⁸ F.A. van Jaarsveld, *Vaalrivier omstrede grenslyn*, pp. 5, 6.

³⁹ J.W.N. Tempelhoff, "Water and the human culture of appropriation: the Vaal River up to 1956" in *The Journal for Transdisciplinary Research in South Africa*, 2(2), Dec. 2006, pp. 445-446; resente bronne soos H. Giliomee & B. Mbenga (eds.), *New History of South Africa* bevat min informasie oor die Boererepublieke en geen oor die Vaalrivier as sodanig nie; J. Grobler "Staatsvorming en stryd, 1850-1900" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, pp. 153-182, bevat heelwat inligting oor die Boererepublieke, maar niks oor die Vaalrivierwateromgewing nie.

⁴⁰ W.M. Macmillan, *Bantu, Boer, and Briton the making of the South African native problem*, p. 202; O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde, Stephanus Schoeman in Transvaal*, p. 19.

⁴¹ A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1): wordingsjare*, p. 24.

⁴² O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*, p. 4.

Daarenteen het Parys (1876),⁴³ wat stroomop en teen die grens van die wêrelderfenisgebied geleë is, sy groei te danke gehad aan die stigting van 'n gemeente, handels- en nywerheidsaktiwiteite, die ontwikkeling van die Mimosataine ('n ontspanningsterrein) en die opening van die brug oor die Vaalrivier (in 1915).⁴⁴

Die Vredefortkoepel is 'n unieke landskap van goed bewaarde landelike boerdery-aktiwiteite, soos onder meer watervore, besproeiingskanale en vrugteboorde. Ofskoon daar ook argeologiese reste van pre-1840-vestigingsterreine bestaan, is dit opvallend dat die duidelikste vestigingspatrone meer op die afgelope bykans twee eeue betrekking het. Die plaaseienaars van die betrokke plase was vanaf 1840 tot 1994 net blankes; ná 1994 het dit verander.⁴⁵ Die skrywer dra kennis van een "swart" privaateienaar asook die staat wat grond binne die onderhawige gebied besit.

Daar is gepoog om navorsing te doen sonder die huidige politieke grense, ten spyte van die feit dat die navorser die geskiedenis uit 'n blanksentriese perspektief vanweë haar kulturele oriëntering beskou. Die woord "blankes" was 'n algemeen aanvaarbare woord gedurende die laat 19^{de} en grootste gedeelte van die 20^{ste} eeu in Suid-Afrika. Dienooreenkomstig sal dit in hierdie studie gebruik word, soos daarna in tydgenootlike bronne verwys is. Die woord "witmense" en "swartmense" is ná 1994 meer aanvaarbaar, dog steeds ideologies-gelaaide, woorde. Die keuse om die woord "swartes" (wat na die inheemse

⁴³ Die eerste erwe in Parys is reeds in 1876 opgemeet en verkoop, maar die Volksraad het eers op 8 Mei 1883 die regulasies vir dorpstigting goedgekeur; kyk J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p. 13.

⁴⁴ J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, pp. 10, 14, 30-31, 37.

⁴⁵ Die verwysing na "blank" en "nie-blank" word nie meer gebruik nie. Waar daar in ouer bronne dié klassifikasie gebruik is, sal dit hier binne konteks, indien van toepassing, gebruik word. Vroeër het die Arabiere, wat eerste met die inboorlinge van Afrika in aanraking was, die sogenaamde "Swartvolke" in Afrika "Kafirs" genoem; dit het verwys na politeïste wat nie navolgers van Islam is nie. Gedurende die 15^{de} en 16^{de} eeu het die Portugese seevaarders aan die Kaapse kus na die jagter-versamelaars (San), die herders (Khoikhoen), asook die inheemse Bantoe-sprekendes aan die suidpunt van Afrika as *Cafres*, bedoelende heidene of ongelowiges, verwys, in O.J.O. Ferreira, *Dias, Da Gama en die Khoikhoen, ontmoeting van kulture aan die suidpunt van Afrika*, p. 7; die genoemde naam wat vroeër algemeen in die spreektaal, reisbeskrywings en geskifte gebruik is, word deesdae as 'n aanstootlike woord beskou en word nie meer gebruik nie. Latere geskiedskrywers soos F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p. 66, het die benaming met "Bantoe" wat "mense" beteken, vervang.

Bantoesprekende inwoners van Suid-Afrika verwys) te gebruik, berus op die gebruik daarvan deur tydgenootlike bronne.⁴⁶

In die omgewing is die geestelike en stoflike kultuur goed bewaar. Die grootste persentasie ou opstalle op die provinsiale grense van Vrystaat en Noordwes teenaan die Vaalrivier, val binne die 60-jaar-klousule van *Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne* Wet No. 25 van 1999.⁴⁷ Die belangrikste terreine en voorwerpe wat onder hierdie wet beskerm word, is argitektoniese erfenis (alle strukture of dele van strukture wat ouer as 60 jaar is), argeologiese terreine en voorwerpe, paleontologiese terreine, begraafplase, grafte, mondelinge geskiedenis en tradisies, meteoriete, geologiese terreine van wetenskaplike of kulturele belang, en kulturele terreine wat van waarde vir die omgewing of geskiedenis van Suid-Afrika mag wees.⁴⁸

Die ontwikkeling van Parys as vakansieoord, en die kultuur van vryetydsbesteding op die oewers van die Vaalrivier het reeds in 1911 momentum gekry.⁴⁹ Trouens, ontspanning teenaan die rivier het 'n betekenisvolle geskiedenis wat vandag nog steeds deur inwoners onthou word.⁵⁰ Sedert 2005, nadat die Vredefortkoepel as wêrelderfenisgebied gelys is, het toerisme en ontspanning in die studiegebied 'n winsgewende bedryf geword.⁵¹ Die teenwoordigheid van die Vaalrivier in die erfenisgebied is 'n besondere toerisme-bate, en daarom is dit noodsaaklik dat 'n behoorlike studie van menslike vestiging langs die Vaalrivier in die omgewing van die Vredefortkoepel onderneem word.

Relevante vraagstelling

Vir die doeleindes van hierdie studie word volstaan met vrae wat gebaseer is op breë tematiese gedagtes rakende menslike vestiging langs die Vaalrivier, wat in elke tema strek vanaf 1840-2012:

⁴⁶ F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*.

⁴⁷ Suid-Afrika, *Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet No. 25 van 1999* [Webwerf: www.dac.gov.za/acts/act11.pdf] [Datum geraadpleeg: 2012.08.05].

⁴⁸ GPA, Elektroniese dokumentasie (hierna ED), U.S. Kusel, Impact assessment of historic heritage resources in the Vredefort Dome conservation area (*African Heritage Consultants* CC, CD, Jul. 2006).

⁴⁹ J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*, p. 30.

⁵⁰ Die sanderige oewer op Nooitgedacht het bekend gestaan as Arm-man-strand, GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Nooitgedacht 2011.02.10.

⁵¹ GPA, MO2, G. Addison (63), Koppieskraal 2010.10.09.

- Op welke wyse het die mens met die natuur en meer spesifiek met die rivier in die Vredefortkoepel geskakel?
- Hoe het menslike vestigingspatrone, grondbesit en dorpstigting in die omgewing en op die oewers van die Vaalrivier in die Vredefortkoepel uitgekristalliseer?
- Op welke wyse is die kommunikasieroetes, eilande, ekonomie en die besondere aard van die Koepelkultuur deur bo-stroom-waterbestuur verander?
- Watter faktore het die mens na die wateromgewing van die Vaalrivier getrek en/of daarvan weggestoot?

Die navorsingsdoelstellings van hierdie studie lê op verskeie vlakke. Geologie is as vertrekpunt van die geskiedenis gebruik, terwyl die kontinuïteit in die interaksie tussen menslike ontwikkeling en die wateromgewing (Vaalrivier) in 'n omvattende geografiese ruimte (die Vredefortkoepel), binne die raamwerk van historiese ontwikkeling gedokumenteer is. Gevolglik is daar in die studie gekyk na die wyse waarop die natuurlike siklusse en die invloed van die klimaat, droogtes, vloede en plantegroei, menslike migrasie en nedersetting langs die Vaalrivier bepaal het. In wese handel die studie oor die proses van kultuurverandering binne tydruimtelike kontekste.⁵²

Deur middel van die metodologiese grondslae van die geskiedenis as dissipline is daar gepoog om navorsing oor vestiging langs die Vaalrivier in die omgewing van die Vredefortkoepel te doen. Omvangryke navorsing is reeds gedoen met betrekking tot die trekboere wat vóór die Groot Trek, as gevolg van droogtetoestande, uit die Kaapkolonie na water vir hulle vee getrek het, en hulle in die Vrystaat suid van die Vaalrivier gevestig het.⁵³ Die mens se behoefte aan grondbesit en die wyse waarop grond gedurende die 19^{de} eeu in die binneland toegeken is, word verderaan uiteengesit. In hierdie studie word die verband tussen die mens en sy omgewing gebalanseer, in die sin dat die omgewing as 'n verlengstuk van menslike handeling in bepaalde ruimtes beskou kan word.⁵⁴ Die standpunt dat die omgewing passief is, dat die mens 'n keuse van optrede het, en

⁵² J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede: aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*, p. 24.

⁵³ P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek 1770-1842*; P.J. van der Merwe, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842*.

⁵⁴ F.J. Potgieter, *Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing (Ph.D.)*, p. 4.

dat waar die natuur 'n winsgewende geleentheid bied, die mens dit noodwendig sal aangryp,⁵⁵ is van toepassing in hierdie verband. Verder word daar in besonder gelet op die rol van die Vaalrivierwateromgewing op vestigingspatrone en die wyse waarop die verhouding tussen die mens en sy omgewing van een geslag tot 'n volgende verander. Sosiologie, die studie van gemeenskappe en groepe, word saam met die geskiedenis, wat op die verlede en toekoms fokus, ingespan om die struktuur en verandering van die samelewing wat in hierdie gebied gevestig is, uit te lê. Die invloed van die *Difaqane* en van die landelike omwenteling, vestiging, plaastoekenning, naamgewing en grondbesit rondom die Vaalrivier in die Vredefortkoepel gedurende die 18^{de} en 19^{de} eeu word ook bespreek.

Die impak van die ekonomiese en tegnologiese ontwikkeling op die rivier, asook die gepaardgaande bou van brûe, stu- en besproeiingsdamme, keerwalle, kanale en die Barrage word ondersoek. Die invloed van tegnologie en die gepaardgaande ontwikkeling van waterstelsels (die watervoor, put, boorgat en windpomp), wateropgaring en herwinning van afvalwater, watergebruik (binne en buite die huis), waterbehoefte van boerderypraktyke en -produkte op die plase in die onderhawige omgewing word uitgelig. Verder is die invloed van bo-stroomse mynbou-aktiwiteite, nywerheidsontwikkeling en die gepaardgaande besoedeling op die rivierbewoners en rivier-eiendomme, asook waterregte gedokumenteer. Die ontwikkeling van gebrekkige en/of voortreflike waterstelsels en sanitasie in die bestaanswerklikheid van huishoudings word bespreek. Die funksionele huishoudelike watervoorsiening, -benutting, -bewing, -verhitting en -besparing binne die landelike konteks word nagegaan. Vir die doeleinde van hierdie studie word hoofsaaklik gefokus op die watergebruik van mense van Europese herkoms, aangesien dit die model was vir die latere ontwikkeling van huishoudelike watergebruik onder die inheemse bevolking. Die invloed van die inheemse bevolking (Sotho en Tswana) wat as arbeiders op die plase gewerk het, van dié wat saam getrek het uit die Kaap (Xhosas, Kaapse Kleurlinge en Khoikhoi)⁵⁶ en uit

⁵⁵ F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886)* met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing (Ph.D.), p. 4.

⁵⁶ Volgens G.S. Nienaber, 'n kenner van die inheemse tale, is die hedendaagse skryfwyse (Khoi-Khoi) misplaas en in stryd met aanvaarbare ortografie, J. de Villiers "Die Nederlandse era aan die Kaap, 1652-1806" in F. Pretorius, (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika van voortye tot vandag*, p. 43; Hierdie groep jagterversamelaars, die sogenaamde *Hottentotte*, het na hulself as Khoikhoi(n) of Khoekhoen verwys O.J.O. Ferreira, *Dias, Da Gama en die Khoikhoi, ontmoeting van kulture aan die suidpunt van Afrika*, p. 6; kultuurhistorici gebruik Khoikhoi(n) in beide Afrikaans en Engels as die korrekte spelling.

Natal (Zoeloës), asook die direkte afstammeling van die San (voorheen *Boesmans* genoem) wat in die omgewing gewoon het, maak deel uit van die omliggende streke se vestigingsgeskiedenis. In die besonder is daarvan werk gemaak om, sover dit water betref, hul rol in die streeksgemeenskap te beklemtoon. Die fokus is ingestel op die veranderinge wat in die Vaalrivierwateromgewing plaasgevind het en die mens se pogings, in die vorm van hidrologiese intervensies, om daarby aan te pas.

Waterbesoedeling is 'n gevolg van onbewuste menslike handeling wat indirek die oorlewing van die mens as spesie op aarde bedreig. Die term *Antropogeen* word deur wetenskaplikes gebruik om die geologiese era van die afgelope 300 jaar aan te dui.⁵⁷ Die ontginning van minerale en die voortdurende behoefte aan meer energie, wat tot koolstofafskeidings in die atmosfeer lei, het wêreldwyd 'n invloed op die natuur en wateromgewing. Die Vredefortkoepel weerspieël ook klaarblyklike historiese spore van dié veranderingprosesse. Die stoot- en trekfaktore rakende menslike vestiging in die Vaalrivierwateromgewing binne tyd-ruimtelike konteks is dienooreenkomstig belig.

Deeglike navorsing is reeds oor die geologie,⁵⁸ argeologie,⁵⁹ toerisme,⁶⁰ filatelie⁶¹ en letterkunde⁶² (verhale en stories)⁶³ in die omgewing van die Vredefortkoepel

⁵⁷ D. Chakrabarty, "The climate of history: four theses" in *Critical Inquiry* 35(2), Winter 2009, p. 209.

⁵⁸ R.L. Gibson, *The Vredefort impact structure, South Africa: the scientific evidence and a two-day excursion guide*; A.A. Bisschoff, *The petrology of the igneous and the metamorphic rocks in the Vredefort dome and the adjoining parts of the Potchefstroom syncline* (Ph.D.); A.A. Bisschoff, *The geology of the Vredefort Dome*; H. Henkel, *Integrated gravity and magnetic modelling of the Vredefort impact structure: reinterpretation of the Witwatersrand basin as the erosional remnant of the impact basin* {Economic Geology Research Unit information circular no. 299}; M.D. Bate, *Petrology of the Anna's rust dolerite sill, Vredefort structure* (Ph.D.); W.U. Reimold, *Pseudotachylites of the Vredefort dome and the surrounding Witwatersrand basin, South Africa* {Economic Geology Research Unit information circular no. 264}; W.U. Reimold, *The Vredefort structure, South Africa: a bibliography relating to its geology and evolution* {Economic Geology Research Unit information circular no. 242}; W.U. Reimold & R.L. Gibson (eds.), *Meteorite impact! The danger from space and South Africa's mega-impact, the Vredefort structure*; J.J. Mayer, *Aspects of sedimentological, structural and stratigraphic investigations of the collar strata of the Vredefort structure: 1935-1992* (Ph.D.); L.T. Nel, *Die geologie van die gebied tussen Bothaville en Vredefort: toeligting van blaaië 2726B (Bothaville) en 2727A (Vredefort) 1895*; W.C.J. Brink, *Die petrologie van die hibridiese gesteentes van Tweefontein 385, distrik Vredefort, O.V.S., en die geologie van die omgewing* (Ph.D.); A.L. Hall, *The Vredefort mountain land in the Southern Transvaal and the Northern Orange Free State 1872*; S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.); J.H. Elsenbroek, *Die struktuur en petrologie van die alkaligraniet in die*

gedoen. Hierdie studies handel hoofsaaklik oor 'n bepaalde aspek binne die Koepel-omgewing en laat die wateromgewing grotendeels buite berekening.

Sedert die 1970's het die algemene belangstelling in plaaslike geskiedenis aansienlik toegeneem. By geleentheid van Parys se eeufeesviering (1976) het die plaaslike owerheid J.H. van Eeden opdrag gegee om die dorp se geskiedenis te boek te stel.⁶⁴ Die studie handel grootliks oor die geskiedenis van Parys en dek hoofsaaklik die Vaalrivierwateromgewing in die dorpsgebied. Nadat die terrein binne die Vredefortkoepel as wêrelderfenisterrein gelys is, het die historiese perspektief oor die Koepelgebied aansienlik verbreed. Die wêrelderfenisstatus het Suid-Afrika in die hoofstroom van wêreldgeskiedenis geplaas. W.U. Reimold en R.L. Gibson se werk, *Meteorite Impact! The danger from space and South Africa's mega-impact, the Vredefort structure*, lewer betekenisvolle historiese perspektief op die astronomie en die wyse waarop 'n uitsonderlike oorgebeurtenis die Vredefortkoepel geraak het. Benewens die geskiedenis van die astronomie, word in die studie ook aandag gegee aan die geologie, argeologie, *fauna en flora*,

Vredefortkoepel noordwes van Parys (M.A.); I.J. van der Walt, 'n Morfologiese analise van die Vredefortkoepel 1961-1984 (M.A.).

⁵⁹ C. van Riet Lowe, "The Vaal River chronology: an up-to-date summary" in *The South African Archaeological Bulletin*, 7(28), Dec. 1952, pp. 135-149; T. Maggs, "The Iron Age sequence south of the Vaal and Pongola Rivers: some historical implications" in *The Journal of African History*, 21(1), 1980, pp. 1-15; J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142) Dec. 1985, pp. 81-87, T.N. Huffman, "Archaeological evidence and conventional explanations of Southern Bantu settlement patterns" in *Africa: Journal of the International African Institute*, 56(3), 1986, pp. 280-298; A. Pelsler, "Travelling through time: archaeology and the Vredefort Dome" in W.U. Reimold & R.L. Gibson (eds.), *Meteorite impact! The danger from space and South Africa's mega-impact, the Vredefort structure*.

⁶⁰ B.P. Makhanya, Hospitality industry consumers' behaviour towards textile products on offer by rural women entrepreneurs in the Vredefort Dome (Ph.D.); W.J.L. Coetzee, An integrated sustainable tourism development strategy for the Vredefort Dome as a world heritage site (Ph.D.); T. Jordaan, A place-making approach to spatial planning of rural landscapes: the Vredefort Dome World Heritage Site as a case study (Ph.D.).

⁶¹ O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*.

⁶² H. du Plessis, *Verbrande paradys; Die pad na Skuilhoek*; J. Lombard, Waterslangverhale in en rondom Afrikaans: 'n ondersoek na mitisiteit as basis vir vergelykende literatuurstudie (Ph.D.).

⁶³ K. du Pisani (red.), 'n Lewe in die Koepel: oom Louwtjie Jansen van Rensburg se herinnerings van sy belewenisse oor meer as 80 jaar.

⁶⁴ J.H. van Eeden, *Parys 1876-1976: die geskiedenis van Parys*.

en ook aan die mens. Die studie dui op 'n betreklik moderne tendens in die geskiedskrywing, naamlik om te streef na 'n holistiese perspektief op die plaaslike omgewing. Die Vaalrivier as deel van die natuur word in laasgenoemde studie nie prominent op die voorgrond geplaas nie. Kobus du Pisani se bydrae tot die Koepel se kultuurgeskiedenis is ook besonder betekenisvol.⁶⁵ Die fokus van sy studie is opgesluit in die eietydse samevatting van die herinneringe van mense. In 'n groot mate verteenwoordig dit 'n lewende geskiedenis wat grootliks in die openbare sfeer van die plaaslike omgewing aanwesig is. Die Vaalrivier figureer egter nie prominent in hierdie bovermelde meedelings omtrent die verlede nie.

Hierdie studie poog derhalwe om nuwe lig op die volgende onderwerpe te werp: die Koepelbloom en die inwoners se persepsies oor die wateromgewing vanaf die 19^{de} eeu tot op hede; die Vredefortkoepel as unieke kulturele landskap, met spesiale verwysing na die historiese gelaagdheid en die wyse waarop die inwoners oorlewingsaanpassings gemaak het tydens die vestiging sedert die 1840's; 'n titelakte-onderzoek van die oudste plase, wat opgevolg is deur mondelinge onderhoude met die oudste lewende inwoners, en gekoppel is aan begraaftplaasbesoeke; en die dokumentasie van die geestelike en stoflike kultuur binne die wateromgewing met die oog op bewaring.⁶⁶ Tot op hede is nog weinig betekenisvolle navorsing oor dié onderwerpe gedoen.

Gegee die gedetailleerde uiteensetting van die doelstellings soos reeds uiteengesit, is die volgende navorsingsdoelwitte ter sake:

- om te let op die wyse waarop die mens met die natuur en, meer spesifiek, met die rivier geskakel het;
- om die ontwikkeling van menslike vestiging, grondbesit en dorpsstigting in die in die Vredefortkoepel-omgewing uiteen te sit;
- om die kollig te plaas op die wyse waarop die kommunikasieroetes, eilande, die ekonomie en die besondere aard van die Koepelkultuur deur bo-stroom-waterbestuur verander het; en

⁶⁵ K. du Pisani (red.), *'n Lewe in die Koepel: oom Louwtjie Jansen van Rensburg se herinnerings van sy belewenisse oor meer as 80 jaar*.

⁶⁶ GPA, ED; U.S. Kusel, *Impact assessment of historic heritage resources in the Vredefort Dome conservation area (African Heritage Consultants CC, CD, Jul. 2006)*. Hierdie ongepubliseerde verslag oor die Vredefortkoepel fokus hoofsaaklik op die stoflike argitektoniese kultuur. Daar is egter niks van wesenlike belang oor die wateromgewing in die verslag nie.

- om die faktore te belig wat die mens oor die tydperk 1840-2012 na die wateromgewing van die Vaalrivier aangetrek en/of daarvan weggestoot het.

Sentrale teoretiese stelling

Die fokus van hierdie studie is gerig op die mens se vestiging langs die Vaalrivier in die omgewing van die Vredefortkoepel vanaf 1840 tot 2012. Teoreties kan dit gesien word as die beskrywing van historiese prosesse wat hermeneuties geïnterpreteer word om in die hede 'n indruk te vorm van wat in die verlede gebeur het. Daar word in groot mate op ongepubliseerde geskiedenis gekonsentreer, waar daar na die geskiedenis van water en die natuurlike omgewing gekyk word, asook na die menslike inhoud wat aan die omgewing gegee word.

In dié studie word ook relevante teorieë gebruik om sekere aspekte van historiese begripsvorming aan te spreek. Die grensteorie wat deur F.J. Turner aan die einde van die 19^{de} eeu ontwikkel is, is reeds in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing toegepas.⁶⁷ In hierdie studie word verskeie toepassings van dié teorie belig. Mense wat op 'n grensgebied woon, toon byvoorbeeld sekere persoonlikheidseienskappe en daarmee saam ook die neiging om grense na willekeur te verskuif, dominerend op te tree en die inheemse bevolkingsgroepe te verdring, wat noodwendig tot verset lei.⁶⁸ Hierdie verset kom gewoonlik van twee kante af, naamlik van die mense wie se vryhede ontnem is en vanuit die gelede van ander maghebbers wie se mag bedreig word.⁶⁹ Daarby word Von Thünen se teorie oor die uitleg van ekonomiese aktiwiteite ook op die vroeë plaaswerf-aktiwiteite toegepas. Volgens sy teorie bestaan daar 'n sentrale plek of kern (die plaasopstal), en alle aktiwiteite beweeg as't ware in konsentriese sirkels om hierdie kern.⁷⁰ Die teenwoordigheid van die Vaalrivier, die berge en die huishoudelike

⁶⁷ H. Lamar & L. Thompson, *The Frontier in History: North America and Southern Africa compared*; J.W.N. Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg 1886-1899*, in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 60, 1997.

⁶⁸ Anon. F.J. Turner, *Frontier Theory 'Characteristics'* FAST-US-2 American Institutions Survey Department of Translation Studies, University of Tampere [Website: <http://www.uta.fi/FAST/US2/REF/fjt.html>] [Accessed: 2012.02.17].

⁶⁹ P. de Klerk, *Geskiedenis as kultuurontwikkeling, aspekte van die teorie en filosofie van geskiedenis*, p. 36.

⁷⁰ J.F. Kolars & J.D. Nystuen, *Geography: the study of location, culture and environment*, p. 364.

waterbron het in die onderhawige omgewing noodwendig die posisie van die woning en alle aktiwiteite daaromheen beïnvloed.

In die studie word ook gebruik gemaak van die begrondingsteorie⁷¹ in die proses van heuristiek (die opname en konsolidasie van inligting). Dié teorie berus op die sistematiese insameling en dokumentering van data, deur byvoorbeeld vrae aan mense te stel en dan ooreenkomste te identifiseer en ook vergelykings ten opsigte van die beskikbare inligting te tref.⁷² Daaruit word dan gevolgtrekkings gemaak en verdere vrae word gestel. In transdissiplinêre navorsing word hierdie benadering, die integrasie van verskillende vorme van kennis wat onder meer uit mondelinge onderhoude verkry word om bruikbare kennis te skep, reeds 'n geruime tyd lank gebruik.⁷³

Metode van ondersoek

Literatuurontleding

Die identifisering van standaardbronne is as vertrekpunt vir die studie gebruik. Beskikbare inligting oor die pre-koloniale geskiedenis, veral oor die Vaalrivierwateromgewing binne die Vredefortkoepelgebied, is gering; gevolglik is daar vir die vorming van 'n breë historiese samehang gesteun op die werk van argeoloë wat 'n breë ruimtelike perspektief op menslike nedersetting in Suider-

⁷¹ E. Babbie & J. Mouton, *The practice of social research*, pp. 498-501.

⁷² E. Babbie & J. Mouton, *The practice of social research*, p. 499.

⁷³ J.T. Klein et al. (eds.), *Transdisciplinarity: joint problem solving among science, technology, and society: an effective way for managing complexity*; G. Hirsch Hadorn et al. (eds.), *Handbook of transdisciplinary research*; J.W.N. Tempelhoff, A. van Zyl, G. van Riet, C. Gouws, J. Hardy, H. Jordaan, A. Ludick, S. Motlounge, A. Schlemmer, A. Venter, G. van Greuning & H. van Wyk, "An Investigation into the environmental health of the Vaal River in the vicinity of Parys" (Report 1/2008, Research Niche Area for the Cultural Dynamics of Water, North-West University, Vanderbijlpark, 2008); M. Ginster, C. Gouws, C.M. Gouws, H. Maki, R. Mathipa, S. Motlounge, M. Nyandoro, J.W.N. Tempelhoff, "Views on unlawful water abstractions along the Liebenbergsvlei River, South Africa" in *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*, 6(1), Jul. 2010, pp. 1-24; C. Gouws, I. Moeketsi, S. Motlounge, J. Tempelhoff, G. van Greuning, L. van Zyl, "SIBU and the crisis of water service delivery in Sannieshof, North West Province" in *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*, 6(1), Jul. 2010, pp. 25-56; K. Breytenbach, A. Faul, C. Gouws, M. Hoffmann, J. Khoadi, S. Motlounge, M. Liefferink, S. Pretorius, B. Sheer, J.W.N. Tempelhoff, T. Wacker, S. Weaver, Nickel mine prospecting and the emergent awareness of the intrinsic value of the Groot Marico River Provisional draft for authors and participant stakeholders (Report 2/2010 Research Niche Area for the Cultural Dynamics of Water, North-West University, Vanderbijlpark, 2010).

Afrika het.⁷⁴ Oor 'n lang tydperk het mense van verskillende kulture deur hierdie gebied beweeg, hulle hier gevestig, en hul unieke artefakte en woningstrukture agtergelaat. Oudhede, soos bodemvondste wat deur opgrawings blootgelê is, ou gebruike en gewoontes, asook heemkunde of bodemgesteldheid (die invloed van die bodem op die kultuur en karakter van die Koepelbewoners) is, waar van toepassing, onder die tema gedokumenteer. Verder is daar gepoog om mense uit verskillende kultuurgroepe by onderhoude te betrek om die multikulturaliteit van die omgewing te erken en nie doelbewus enige persoon of kultuurgroep uit te sluit nie.

Gekonsolideerde gegewens oor die vroeë pioniersvestiging is betreklik skaars. Gevolglik is daar op 'n verskeidenheid gepubliseerde argivale en sekondêre bronne vir inligting gesteun. Daar is onder meer op ongepubliseerde⁷⁵ en gepubliseerde navorsingsverslae,⁷⁶ tydgenootlike periodieke publikasies en ongepubliseerde bronne gefokus om die impak van die vestiging langs die Vaalrivier in die Vredefortkoepel te bepaal. Elektroniese data is deur middel van wêreldwye webblaaie versamel, georden en verwerk. Primêre bronne, naamlik ongepubliseerde memoires,⁷⁷ korrespondensie, briewe, mondelinge onderhoude,

⁷⁴ T.M.O. Maggs, *Iron Age communities of the Southern Highveld* {Occasional publications of the Natal Museum no. 2}; T.N. Huffman, "Archaeological evidence and conventional explanations of Southern Bantu settlement patterns" in *Africa: Journal of the International African Institute*, 56(3), 1986, pp. 280-298; J.H.N. Loubser, "Buffelshoek: an ethnoarchaeological consideration of a Late Iron Age settlement in the Southern Transvaal" in *The South African Archaeological Bulletin*, 40(142), Dec. 1985, pp. 81-87.

⁷⁵ Die Geologie-Departement van die Universiteit van die Witwatersrand, (tans Universiteit van Johannesburg) se "Economic Geology Research (EGR) Unit" het oor verskeie jare deeglike veldwerk in die Vredefortkoepelgebied gedoen en hul bevindings in verslae gepubliseer; kyk byvoorbeeld H. Henkel & W.U. Reimold *Integrated gravity and magnetic modeling of the Vredefort impact structure — reinterpretation of the Witwatersrand basin as the erosional remnant of an impact basin* EGR Unit University of the Witwatersrand, Johannesburg, Information Circular no. 299; W.U. Reimold & W.P. Colliston, *Pseudotachylites of the Vredefort dome and the surrounding Witwatersrand basin South Africa*, EGR Unit University of the Witwatersrand, Johannesburg, Information Circular no. 264.

⁷⁶ J.W.N. Tempelhoff et al., "An Investigation into the environmental health of the Vaal River in the vicinity of Parys" (Report 1/2008, Research Niche Area for the Cultural Dynamics of Water, North-West University, Vanderbijlpark, 2008).

⁷⁷ S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel" (getikte *memoires*); asook S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" g.p.

dokumente in privaatbesit, asook plaaslike en sentrale owerheidsargiewe⁷⁸ is geraadpleeg. Sekondêre bronne soos gepubliseerde en ongepubliseerde werke wat op sowel plaaslike as nasionale sosio-ekonomiese en kultuurhistoriese aspekte let, is bestudeer. Die omgewing is verken deur die bywoning van een week se veldwerk en twee afsonderlike eendagtoere deur die studiegebied.⁷⁹ Die oorspronklike plase aan beide kante van die Vaalrivier is hierná op 'n kaart van 1899 geïdentifiseer. Die navorser het voorts die vergaderings van die drie grondeienaarsverenigings bygewoon, haarself aan die grondeienaars voorgestel, die doel van die navorsing meegedeel en kontakbesonderhede van die oudste inwoners en vrywilligers gekry. Afsprake is gemaak vir onderhoude, waarná die betrokke plase een vir een besoek is. Mondelinge inligting is in die vorm van onderhoude ingesamel met die doel om 'n aanduiding te kry van herinneringe oor die klimaat, die vestiging en die mense rondom die wateromgewing, en om persoonlike indrukke te vorm. 'n Paar basis vrae het as riglyn gedien tydens onderhoude. Die doel van die vrae was om die persoon met wie 'n onderhoud gevoer word, toeganklik te maak en gemaklik te laat voel sodat hulle inligting en ervarings spontaan kon meedeel. Hierna is die betrokke plaasterrein saam met die grondeenaar of 'n gids verken, waartydens GPS-koördinate, foto's en noukeurige aantekeninge afgeneem is. Indien daar ou grafte op die plaas was, is dit besoek en inligting gedokumenteer; andersins is daar aangeteken op welke onderverdeling die ou grafte gevind kan word. So 'n terreinbesoek het minstens vier uur geduur. In sommige gevalle is onderhoude opgevolg met 'n tweede besoek of telefoonoproep om addisionele inligting te kry. Inligting is dan in ooreenstemming met bepaalde metodologiese gronddisiplines vir navorsingsdoeleindes in 'n persoonlike argief georden en aanvullend tot skriftelike dokumentasie gebruik. Op hierdie wyse is diverse kennis (akademies en nie-akademies) en perspektiewe van die inwoners in die omgewing verkry, met die doel om die inligting in 'n inklusiewe benadering tot die navorsingsproses aan te wend – 'n werkwyse wat met groot sukses deur Noordwes-Universiteit (NWU) se

⁷⁸ NWU-Biblioteek (Potchefstroom-kampus) Fleischack-versameling, Sentrale Argiefbewaarpark (SAB), Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB) Pretoria, en Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarpark (VAB) Bloemfontein.

⁷⁹ CuDyWat veldwerk o.l.v. J.W.N. Tempelhoff vir die verslag "An Investigation into the environmental health of the Vaal River in the vicinity of Parys", 2008.06.02-2008.06.06; G. Addison, Koepeltoer ter afsluiting van die HASA-kongres op Potchefstroom o.l.v. K. du Pisani, 2010.07.25; J. Fourie, Koepeltoer saam met familie, vriende, die studieleier en sy vrou, 2010.10.09.

CuDyWat-waternavorsingsgroep (Research Niche Area for the Cultural Dynamics of Water) gevolg word.

Die mens, 'n geestelik-bepaalde sosiale wese, skeep goedere en dienste wat in eie reg waardevol is en wat as sodanig deur die gemeenskap gereken word. Die reste van hierdie goedere en dienste wat in die verlede geproduseer is, is in die vorm van artefakte met 'n interpreteerbare inhoud in die studie gebruik. Benewens skriftelike materiaal, is daar ook op visuele bronne gekonsentreer. Foto's,⁸⁰ kaarte, planne, sketse en skilderye⁸¹ is onder meer gebruik met die doel om die tekstuele diskoers te verryk. Ongeskrewe bronne soos mondelinge geskiedenis en gebruike, asook spreekwoorde, slagspreuke, gesegdes, gedigte, volksliedjies, verhale, gerugte, mites, sages, legendes, en vertellings ten opsigte van die Koepelgebied, is opgeteken.

Metodiek

Daar bestaan 'n ooglopende wisselwerking tussen die mens, die fisiese aarde (omgewing of handelingsruimte) en die mensgemaakte omgewing (bewerkte aarde). Geografie is gevolglik in wisselwerking met geskiedenis in hierdie studie gebruik. Die geogeskiedenis of die verlede van die handelingsruimte van die mens (berge, vlaktes, riviere, klimaat, seisoene, paaie, nedersettings, landbou en veeteelt) met betrekking tot sy milieu word eerstens beskryf,⁸² terwyl die geskiedenis van menslike vestiging langs die Vaalrivier asook die hidrologiese intervensies en die gepaardgaande kulturele impak daarvan, daarop volg. Daarna word die kultuur van vryetydsbesteding en die bewaring van die Vaalrivier in die Vredefortkoepel ondersoek. Binne die raamwerk van historiese ontwikkeling word 'n mate van kontinuïteit in die interaksie tussen menslike nedersetting, kultuurbodem en die wateromgewing uitgelig, en word uitstaande temas uit die verlede tot in die hede deurgetrek. Om hierdie inligting lewensgetrou en interessant aan te bied is gepoog om, sover moontlik, mondelinge herinneringe, persoonlike teksindrukke en visuele inligting oor die onderhawige onderwerp te ontgin.

⁸⁰ Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB) Pretoria, en private fotoversamelings: P.A. Gericke (70) Eerste Geluk; S.L. Jansen van Rensburg (84) Helena; J.C.A. Jansen van Rensburg (79) Kromdraai.

⁸¹ Kunsversameling, Ditsong Nasionale Museum vir Kultuurgeskiedenis, Visagiestraat Pretoria.

⁸² Dié benadering is deur die Franse Annalesskool (o.a. Lucien Febvre) gevolg, F.A. van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing: opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*, p. 26.

In teenstelling met die geïsoleerde feite van die natuurwetenskap wat veralgemening moontlik maak, fokus die historikus op komplekse eenmalige feite wat voortspruit uit die lewe self, en waar die persoonlikheid en vrye wil van die individu 'n groot rol speel.⁸³ Derhalwe leun die metodiek van die studie swaar op die navorsingsproses (historiek), die soektog na inligting oor die onderwerp, die insameling en ordening daarvan (heuristiek), die kritiese beoordeling van bronne (kritiek), die interpretasie van inligting (hermeneutiek) en verslagdoening oor die bevindings.⁸⁴

Hierdie navorsing verteenwoordig, in die konteks van die heuristiese werksprosesse (opname en konsolidasie), 'n ondersoek om die impak van die mens se vestiging langs die Vaalrivier in die Vredesfortkoepel in kultuurhistoriese konteks daar te stel. Toepaslike terreine en strukture wat op die navorsingsonderwerp van toepassing is, is gevolglik tydens veldwerk besoek en is vir dokumentêre doeleindes geïnterpreteer.

Etiek

Met inagneming van etiese beginsels, het die navorser gepoog om tydens die opname alle geskiedkundige gegewens akkuraat, eerlik, en objektief aan te teken.⁸⁵ Die mondelinge onderhoude het hoofsaaklik ten doel gehad om 'n aanduiding te kry van persoonlike menings oor, en herinneringe aan, nedersettingspatrone en klimaatsveranderinge rondom die Vaalrivierwateromgewing. Hierdie soort inligting bevat weinig etiese of vertroulikheidsimplikasies, deurdat niemand daardeur benadeel kan word nie. Verder is onderhoude nie met kwesbare persone (kinders, gevangenes, swanger vroue, verstandelik-gestremde persone, en ekonomies- of opvoedkundigbenadeelde mense)⁸⁶ gevoer nie. Gevolglik is vrae oor sensitiewe onderwerpe (seksuele aktiwiteite, gebruik of afhanklikheid van medikasie, kriminele aktiwiteite, teistering, geweldpleging of verkragting)⁸⁷ geensins nodig geag nie. In hierdie studie handel die navorsing oor 'n kultuurhistoriese perspektief rakende die vestiging in 'n gedeelte van die Vaalrivierwateromgewing.

⁸³ M. Hugo, *Causaliteit in die geskiedwetenskap, 'n metodologiese benadering*, p. 67.

⁸⁴ J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede, aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*, p. 41.

⁸⁵ J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede, aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis*, pp. 56-57.

⁸⁶ "VTC 2nd Post-Graduate Conference Manual" Quest Conference Estate, 2012.04.12, p. 83.

⁸⁷ "VTC 2nd Post-Graduate Conference Manual" Quest Conference Estate, 2012.04.12, p. 83.

Die inligting word gevolglik beskou as deel van openbare of gemeenskapsbesit in die vorm van kennis oor die plaaslike geskiedenis wat van historiese waarde gereken word. Die respondente het nie 'n toestemmingsvorm onderteken nie, maar is eerder ingelig oor die inhoud wat verkry en gebruik gaan word. Verder is die strekking van die navorsing, die vrywillige aard van hul deelname, die tydsduur van die onderhoude en die terugvoer van inligting aan respondente meegedeel. Die keuse om anoniem te bly het by die persoon berus met wie daar onderhoude gevoer is.